Hoërskool Oos-Moot

# 1954 EN 1955



## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

1954
Die skool begin met 274 leerlinge.
In die 1954 seniorklas (st.9) was daar net 8 leerlinge.
Die skool se eerste jaarblad (1953) het eers aan die einde van die derde kwartaal 1954 verskyn.
In die eerste kwartaal is ‘n ouerkomitee uit die streke Rietfontein, Waverley en Villieria in die lewe geroep om die vervoer van leerlinge te behartig.
Ons skoolkleure en kleredrag was mooi: donkerblou, ligblou en ou-goud pas bymekaar.

Oktober 1954
Tenders is gevra vir die oprigting van die nuwe skoolgebou in Haarhoffstraat, Villieria, Pretoria en die tender is toegeken aan mnr V Moore.
Gras op die terrein het weelderig gegroei en het tyd gekos om die terrein skoon te kry vir uitmeting.

Einde 1954
Skool sluit met 'n inskrywing van 402 leerlinge.

1955

Januarie 1955

Skole sou begin het op 18 Januarie maar met die kinderverlamming wat ernstig was is die datum uitgeskuif tot 1 Februarie.



Onderwysers was by die skool vanaf 18 Januarie
Skool begin met 586 leerders (vermeerdering van 201).
Personeel het vermeerder van 18 tot 26.
Eerste st.10 klas met 7 leerlinge (3 seuns en 4 meisies)

11 Maart 1955

Die "omkering van die eerste sooi" op die nuwe skoolterrein van Hoërskool Oos-Moot, in Haarhoffstraat, Villieria.
Dr Theo Wassenaar (L.U.K) het die woord gespreek toe hy die eerste sooi gespit het.
As herdenking aan hierdie dag is 2 Witstinkhoutboompies op die terrein geplant.
Die skool sou $100,000 kos en teen Augustus 1958 voltooi wees.



DR T. WASSENAAR, L.U.K.


7 Oktober 1955

Die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement berig dat die Departement Oos-Moot beskou as 'n nuwe skool vanaf 2 Julie 1955.

19 November 1955

Hoeksteenlegging van Hoërskool Oos-Moot
Optog van leerders na die nuwe terrein om 2:45 namiddag





Die HOËRSKOOL OOS-MOOT.

„Omkeer van Eerste Sooi"

11 Maart 1955 om 9.30 vm.

PROGRAM

| | |
|---|---|
| SKRIFLESING— | Ds. G. Carstens. |
| GEBED— | Ds. W van Bergen. |
| VERWELKOMING— | Ds. W. J. de Vos, Voorsitter van Beheer |
| PLANT van Boompies— | Mnr J G. Nel, Inspekteur van Onde<br>Mnr. J. C. Geertsema, Hoof. |
| TOESPRAAK— | Mnr. B. Muller, L. P. R.. |
| OMKEER van Sooi— | Dr. Theo Wassenaar, L. U. K. |
| GROETE van Laerskole— | Mnr. C. F. Niemann, Hoof, Villier |
| BEDANKING— | Mnr. J. C. Geertsema, Hoof. |
| AFSLUITING— | Ds. H. V. F. Kruger. |

[Seremoniemeester—Mnr. J. A. van der Walt, Onderhoof]

13 Desember 1955
Prysuitdeling en afsluiting in die vierkant van die skool.

INTERESSANTHEDE
Die 1955 jaarblad is die eerste gedrukte jaarblad met 'n kleur voorblad en volop foto's.
Die skooldrag vir seuns is gewysig.
Die nuusbrief "Die Omroep" het 'n kleur voorblad en word uitgestuur om ouers op hoogte te hou van die kinders se vordering.

Mnr J de W Trichardt van Waverley het 'n groot wisselbeker aan die skool geskenk. Dit gaan vir 'n ewe mooi doel gebruik word - nie vir sport nie - maar vir skoolwerk. Die beker sal jaarliks op die oueraand oorhandig word aan die span (Amptenare, Burgers of Heemrade) wat die beste presteer het in hul skoolwerk.
Nog twee trofeë is ontvang: 'n skild van die Stadsraad van Pretoria en 'n wisselbeker vir die beste leerling in Engels deur die firma Lewis.

Mnr T Frates L.V skenk 'n bedrag vir die koop van 'n vlagpaal by die nuwe skool.
Sommige onderwysers en klasse samel op eie inisiatief fondse in vir die meubels van die nuwe skoolsaal.





